education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2010

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

**NASIENRIGLYNE**

- As ʼn kandidaat meer as die verlangde getal vrae beantwoord het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As ʼn kandidaat in Afdeling A al vier vrae oor die voorgeskrewe gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte nagesien.
- As ʼn kandidaat in Afdeling B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geignoreer**.
- As ʼn kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As ʼn kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ʼn spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- **Opstelvraag**: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het.
- As die opstel te lank is, laat ʼn oorskreiding van ʼn maksimum van 50 woorde toe en **ignoreer die res van die opstel**.
- Leerders mag nie subopskrifte in hul opstelle gebruik nie, maar as dit voorkom, word dit nie in hierdie vraestel gepenaliseer nie. (Wel in VRAESTEL 3)
- **Kontekstuele vrae**: As ʼn kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ʼn vraag dit vereis nie, word hy/sy **nie gepenaliseer nie**.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE.**

Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

**Onderwyser – Antjie Krog**

Hierdie gedig handel oor spanningsvolle klaskamersituasies wat tussen ŉ onderwyser en leerders afspeel. Skryf ŉ opstel van 250-300 woorde waarin jy bespreek hoe hierdie spanning uitgebeeld word deur te verwys na:

- Hoe die onderwyser se uiterlike deur middel van woorde geskets word
- Die gebruik van voornaamwoorde
- Die gebruik van herhalings
- Die ingesteldheid van die leerders
- Die deurlopende Bybelse metafore

**Hoe die onderwyser se uiterlike deur middel van woorde geskets word**

- Karikatuuragtig voorgestel
- Dra hoedjie (r. 3); Verkleiningsvorm dui minagting aan
- Kein Jericho (r. 4)

**Die gebruik van voornaamwoorde**

- “Jy” en “jou” informeel; sonder respek (r. 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8)
- “Ons”: verwys na leerders (r. 1, 4, 10, 11, en 12)
- “Jy” en “Ons” dui op polarisasie: onderwyser en leerders verteenwoordig uiteenlopende pole
- Die besitlike voornaamwoord “jou” versterk die idee dat net die onderwyser belang by die tafel, moedertaal en boeke het.

**Die gebruik van herhalings**

- “Jy staan” (r. 1 en 4): dit beklemtoon dat die onderwyser standvastig en beginselvas is.
- “by” (r.2 – 3) beklemtoon hoe vas hy staan by dit waarin hy glo.
- Die herhalings van “al” (r. 5, 7, 10, 14 en 15) asook “Tog bly” (r. 9 en 13) beklemtoon die aanslae en hoe die onderwyser ten spyte daarvan steeds staande bly.

Kopiereg voorbehou

**Die ingesteldheid van die leerders**

NEGATIEF

Die leerders is:

- uitdagend: "Al trek ons elke dag óm jou" (r. 10) en
- voortvarend: "Met die ark van die jeug op ons skouers," (r. 11)
- triomfantlik: weet hulle het die oormag en psigologiese voorsprong van massadruk
- ligsinnig, slinks: Hulle volg beproefde taktiek.

Hulle

- hou nie van die Afrikaans onderwyser nie
- wil nie meer iets van die ou meesters weet nie
- dink hulle is nuwerwets/beter as die onderwyser
- beskryf die onderwyser minagtend
- fokus op sy persoonlike swakhede i.p.v. die "wonder van Afrikaans".

POSITIEF

- Sommige leerders bewonder die onderwyser omdat hy, t.s.v. die aanslag onwrikbaar voortgaan met dit waarin hy onomstootbaar glo.
- Een van die leerders het uiteindelik ŉ gedig oor die onderwyser geskryf - daaruit sou ons kon aflei dat die onderwyser wel so ŉ diep/positiewe indruk gelaat het dat ŉ Afrikaanse gedig die lig gesien het.
- Uit die produk van sy onverpoosde inspirasie en harde werk het iemand wel kwaliteit Afrikaans by die meester geleer en ŉ Afrikaanse meesterstuk in die moderne idioom geskep.

**Die deurlopende Bybelse metafore**

- Die onderwyser word gelykgestel aan die stad Jericho: Hy probeer hom teen die leerders verskans deur denkbeeldige "mure" om hom te bou.
- Daar is egter ŉ morele swakheid in die onderwyser ("Bly daar ŉ Ragab in jou"- r. 8)
- Die onderwyser is soos ŉ heilige: afgesonderd en toegewyd/ asof hy kontak met die realiteit verloor het.
- Hy is soos ŉ toegewyde priester wat eer bring aan sy god(e).
- Soos Dawid trotseer hy dapper die oormag a.g.v. sy geloof (in die Afrikaanse gode) en oortuigings en hy het skynbaar tog soos Dawid ŉ oorwinning in die kleine bewerk (gedig is ŉ bewys daarvan).
- "Nogtans sal ek nie kla nie..." Prediker/Job **[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2

| Vraag | Antwoord | Punt | LU 2 en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Dit is aan die vooraand van ŉ onsekere toekoms/ ŉ Nuwe politieke era (ANC-bewind) word betree/ ŉ Nuwe regering kom aan bewind en niemand weet presies hoe dinge sal wees nie. √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 2.2 | Na die (jong) politieke uitgewekenes**. /** (Uitgewekenes was jong kinders toe hulle SA verlaat het in hul opstand en stryd teen Apartheid en nou sal hulle as die leiers in die nuwe SA moet optree.) √ | 1 | 4.2.5 | 2 |
| 2.3 | Die ANC se (politieke) oorwinning (in 1994) by die stembus**.** √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 2.4 | Die oorwinnaars moet ŉ keuse uitoefen of hulle wil bou of vernietig. **/**Die skeiding in afsonderlike te-konstruksies beklemtoon die belangrikheid om te kan onderskei tussen of die negatiewe of die positiewe keuse wat gemaak moet word.√ | 1 | 4.2.5 | 2 |
| 2.5 | ŉ Verklaring/verduideliking volg van watter kant gekies moet word. √ | 1 | 4.2.6 | 2 |
| 2.6 | Die oorwinnaars moet standpunt inneem./<br>Hulle moet kies tussen maak of breek. √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 2.7 | Droom √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 2.8 | Harde werk verseker ŉ goeie toekoms./ Die toekoms word gebou deur te swoeg/hard te werk. /Die toekoms is soos saad- dit moet in bewerkte grond gesaai word en daagliks versorg word.√ | 1 | 4.2.5 | 2 |
| 2.9 | Die leiers moet minder praat en eerder luister. √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 2.10 | Die koeplet /Alliterasie/Uitroepteken/ Aandagstreep/Alleenplasing √<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.6 | 2 |
| | | **[10]** | | |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Na 'n (verlore)geliefde √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 3.2 | Verflenterde foto √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 3.3 | Beeld; woorde; oë √<br>(Al drie woorde moet korrek wees.) | 1 | 4.2.6 | 3 |
| 3.4 | Kwatryn √ | 1 | 4.2.6 | 1 |
| 3.5 | Gebroke rym √<br>Dui die gebrokenheid van die spreker aan. √ | 2 | 4.2.6 | 2 |
| 3.6 | Hy vergelyk die persoon se oë met (half) edelgesteentes. /Hy verwys na edelgesteentes: saffier, smarag, agaat om haar oë te beskryf. √ | 1 | 4.2.5 | 3 |
| 3.7 | Lag √ teenoor tranespoor√ of<br>vergeet √ teenoor onthou√<br>(Moet beide dele van enige een van die moontlikhede hê) | 2 | 4.2.5 | 3 |
| 3.8 | Dui aan dat dit (die herinneringe) vir ewig is. √ | 1 | 4.2.5 | 2 |
| | | **[10]** | | |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | As jy as veroordeelde in ʼn hof pleit dat jou straf verminder word. √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 4.2 | Dit verleen ʼn ligte/speelse trant aan die gedig/verleen geloofwaardigheid aan die (Kaapse) karakter.√ | 1 | 4.2.5 | 3 |
| 4.3 | Paradoks √ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 4.4 | Die aardse is vir hom meer werd. / Goud, ens. is abstraksies waarvan hy nie regtig begrip het nie. /Hy wens eerder vir aardse luukses soos teer strate- dit is hemel op aarde. √ | 1 | 4.2.5 | 3 |
| 4.5 | Die spreker verontskuldig hom./ Hy beklemtoon dat dit klein sondetjies is- nie so erg nie. √ | 1 | 4.2.6 | 3 |
| 4.6 | Hy is te goed vir hel √; maar sal ook nie tuis wees in die hemel nie. √ | 2 | 4.2.5 | 3 |
| 4.7 | Hy sal terug aarde toe moet kom./ Die spreker verkies liewer ʼn aarde vol uitdagings (SA as een nasie).√ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 4.8 | Beklemtoon die politieke veranderings/ Dui op die politieke veranderings/ Om die belangrike inligting wat volg uit te hef: SA in ʼn nuwe geskiedkundige tydperk. √ | 1 | 4.2.6 | 2 |
| 4.9 | Die spreker is bereid om op aarde te ly i.p.v in die volmaakte hemel. **/** Die spreker kies tydelike lyding bo ewige bevryding.√ | 1 | 4.2.5 | 3 |
| | | **[10]** | | |

Kopiereg voorbehou

**ONGESIENE GEDIG**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAE**

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 5.1 | dat donkies dom diere is/ dwase dikwels/pronk met perdebloed√ | 1 | 4.2.5 | 1 |
| 5.2 | Ja√Esels het ook perdebloed.√/<br>Nee√ Hoëlui noem net hulle donkies esels om voor te gee.√<br>(Antwoord en motivering moet sluit.) | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 5.3 | Die esels spog met perdebloed, maar eintlik maak die kruising hulle nog minder opreg. /Die donkies het ŉ suiwerder bloedlyn, maar word geminag. (Albei dele moet genoem word vir twee punte)√ | 2 | 4.2.5 | 3 |
| 5.4 | Die woorde beklemtoon/dien as steunpunte/vertraag die tempo√om die donkie se gehoorsaamheid en gewilligheid aan te toon.<br>Dit dui aan dat die fout nie by die donkie lê nie (gehoorsaam aan God).√ | 2 | 4.2.6 | 3 |
| 5.5 | Almal√moet die donkie eer.√ | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 5.6 | ŉ (Bekende Afrikaanse) liedjie√ | 1 | 4.2.5 | 3 |
| | | **[10]** | | |

**VRAAG 6 (250-300 woorde)**

Die donkie word tradisioneel as dom gesien en word geminag. Die digter wil hê dat ons anders daaroor moet dink, want dit is juis die donkie wat Christus gewillig en gehoorsaam in Jerusalem ingedra het. Daarom moet die donkie eerder geag word.

Die d-allitersie (dat donkies dom diere, dwase dikwels) beklemtoon die donkie en stel dit teenoor die perde (pronk met perdebloed). So word mense (moet man en muis mos) teenoor Jesus (Jesus in Jerusalem) gestel. Die alliterasie beklemtoon en kontrasteer en is daarom funksioneel. Dit verhoog ook die liriese kwaliteit van die gedig.

Die digter gebruik idiomatiese taal bv. “langoor” (r18) om na die donkie te verwys. Hy sê ook dat “man en muis” d.w.s. almal hulde aan die donkie moet bewys.

Hy sluit af deur intertekstueel na ŉ bekende Afrikaanse liedjie te verwys wat bevestig dat die donkie eintlik ŉ wonderlike dier is.

**[10]**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING B: ROMAN**

**VRAAG 7: OPSTELVRAAG**

**DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE (ELEANOR BAKER)**

Voor Iris se onmoeting met Peter het sy verskeie fantasiekarakters geskep om die werklikheid te ontvlug. Na haar onmoeting met Peter is die werklikheid vir haar interessanter, verdwyn haar fantasiekarakters en ontwikkel sy ook as karakter. Skryf ŉ opstel van 400- 450 woorde oor die stelling en verwys in jou antwoord na die volgende aspekte:

- Die redes waarom Iris ŉ fantasiewêreld skep
- Verskeie fantasiekarakters soos:
    - Richard
    - Eduard
    - Greta en Peter
- Peter wat deel van die werklikheid is
- Jou mening of Iris as karakter ontwikkel het

**MEMORANDUM**

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die aangehegte Nasionale RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA

Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

INLEIDING: Die kandidaat voorsien die opstel van ŉ gepaste inleiding, bv.

- Die mens skep vir hom /haar dikwels ŉ fantasiewëreld om die harde realiteite te ontvlug.

**Iris skep vir haar ŉ fantasiewêreld**

- Iris glo dat niemand na haar luister nie.
- Tussen haar susters voel sy soos ŉ Aspoestertjie (alhoewel hul haar nie stief behandel het nie).
- Sy glo dat sy ŉ alledaagse bestaan lei teenoor haar susters se interessanter en opwindender lewe.
- Sy ontsnap van die werklikheid (omdat mense haar dikwels nie ernstig opneem nie) en vind kompensasie in dagdrome oor aantreklike jong mans en romantiese avonture in oorsese lande (omdat die gebeure en persone in die werklikheid nie romanties genoeg is nie).
- Iris gebruik die fantasieë om vraagstukke vir haarself uit te werk en dinge te ervaar waarvan sy nog net gedroom het.

Kopiereg voorbehou

- Selfs haar beroepskeuse (om by ʼn tandarts te werk) is gedoen sodat werk nie haar gedagtes kon wegneem van haar verbeeldingsvlugte nie (Sy kon die werk doen en steeds fantaseer).
- In haar fantasieë gee Iris baie aandag aan klein besonderhede, kleredrag en die uiterlike van die karakters.
- Weer eens dinge wat sy nie in haar werklike lewe doen nie.
- Die fantasiewêreld is vir Iris ʼn verbetering van haar belewing van die werklikheid.

**Richard**

- Hy is die fantasiekarakter wat Iris skep, na aanleiding van Riekie (haar "eerste" verhouding).
- Riekie het sweterige hande en ʼn benoude asem.
- Iris verander sy naam na Richard – uitgespreek Rigardt.
- Riekie se  bruin borselkop tower sy om in golwende donker hare.
- Riekie se praktiese, stomp hande het sensitiewe, lang vingers gekry.
- Sy oë het intens en versiende geword.
- Sy fantaseer oor hul verhouding en probeer die fantasie volhou.
- Sy omskep Riekie tot Richard sodat hy die teenoorgestelde van Riekie kan wees.
- Deur Richard word die leser meer bewus van Iris se wense en toekomsvisie .
- Maar die werklikheid in die vorm van Riekie verdring Iris se fantasie van Richard.

**Eduard**

- Die fantasiekarakter ontstaan met Elsa se troue.
- Iris fantaseer oor romantiese troues en Elsa se troue is te alledaags.
- Iris fantaseeer oor hom as strooijonker.
- Sy naam dui weereens op Iris se fantasie met name wat mense van oorsee suggereer.
- In haar fantasie bly Eduard na die troue in Suid-Afrika aan en Iris wys hom die land.
- Die werklikheid is dat Riekie die strooijonker is wat nie aan Iris se romantiese verwagtinge voldoen nie.
- Elsa, die praktiese beplanner en onromantiese bruid, verdring Iris se fantasieë.

**Greta en Peter**

- Dié fantasie begin met Elsa se swangerskap.
- Greta word Iris se alter- ego. (alhoewel sy na haarself in die derde persoon verwys)
- Die fantasie het een van haar meer uitgebreide verbeeldingsvlugte geword.
- Greta was ʼn moderne, geëmansipeerde jong vrou, maar word ook swanger.
- Iris ontsnap van die werklikheid deur haar.
- Die fantasie hou Iris maande besig.
- Die leser leer ook Iris deur dié fantasie beter ken.
- Iris verweef nou elemente van die werklikhede in die fantasie.
- In die fantasie is daar weer ʼn Eduard en Peter.
- Peter was ʼn losbol, rokjagter, haastig, onlogies impulsief en het baie meisies.
- Hy bring meisies in die moeilikheid.
- Hy aanvaar nie sy verantwoordelikhede nie.

Kopiereg voorbehou

**Peter (werklikheid)**

- Fantasie en werklikheid word duidelik geskei deur Peter wat ’n werklikheid is.
- Iris besef dat ’n denkbeeldige karakter nie opgewasse is teen die harde werklikheid (van Peter) nie. Sy begin voel dat haar lewe oorbevolk is met werklike en fantasiekarakters.
- Die werklikheid saam met Peter word meer aanvaarbaar vir Iris en interessanter as die fantasie.
- Eduard en Greta (en daarmee ook haar fantasiewêreld) verdwyn.
- Hulle (die fantasiekarakters) is nie meer bestand teen Peter se fisiese werklikheid en sy humorsin nie.
- Sy probeer haar voorstel hoe ’n getroude lewe saam met Peter sal wees.

**Mening of Iris as karakter ontwikkel het**

- Die kandidaat spreek ’n gemotiveerde mening uit.
- Die fantasiewêreld dui op sekere karaktertrekke van Iris en die verandering wat sy deur die loop van die verhaal ondergaan het.
- Sy verander van ’n jong, onvolwasse persoon met ’n behoefte aan fantasieë na ’n volwasse persoon wat die werklikhede aanvaar.
- Sy besef die lewe is nie ’n storie of fantasie nie.
- ’n Mens is in ’n groot mate self verantwoordelik vir jou besluite en wat in jou lewe gebeur as gevolg daarvan.
- ’n Mens moet aanspreeklikheid vir jou keuses aanvaar.
- Sy kom ook tot die besef dat ’n naam net ’n naam is en dat sy nie so gretig moet wees om te blom nie. **[25]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

## DIE KWART VOOR SEWE LELIE (ELEANOR BAKER)

| Vraag | Antwoord | Punt | LU 2en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 8.1 | Sy het vir dr. Anders/'n tandarts gewerk. √ | 1 | 4.2.2 | 1 |
| 8.2 | "spesiale Engel" √/ Engel het saamgevlieg/ Engel sal haar pootjie √<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.2 | 2 |
| 8.3 | Hy rol sy oë √/ Hy sê "uh-huh" √<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.2 | 3 |
| 8.4 | Hy moet haar beskerm.√ | 1 | 4.2.2 | 3 |
| 8.5 | Billy waarsku haar om nie met vreemdes te praat nie. √ / Hy waarsku haar om nie alleen in die stad rond te loop nie. √ | 1 | 4.2.2 | 3 |
| 8.6 | Kontras; √ (bekertjie teenoor groot)<br>Verkleining √ (plastiekbekertjie)<br>Woordkeuse √ (verfrommel)<br>(Enige TWEE) | 2 | 2.2.7 | 3 |
| 8.7 | Gebrek aan kommunikasie√/<br>Min/geen/gebrekkige kommunikasie tussen karakters √<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.2 | 3 |
| 8.8.1 | Iris se ma antwoord haar, maar hoor haar nie. √ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 8.8.2 | Maak Iris dikwels stil. / Sê vir haar sy is te jonk om 'n mening te hê. √ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 8.9.1 | Dit is deel van haar lewensfilosofie. /Sy glo dat sy soos die blom ook altyd gereed moet wees vir haar blomtyd./ Dit bepaal haar lewensuitkyk. √<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.2 | 1 |
| 8.9.2 | Iris glo dat net soos die blom net op n sekere tyd oopgaan, moet sy te alle tye gereed wees vir haar oomblik van selfverwesenliking. Daarom dat sy nooit 'n aanbod/kans verby mag laat gaan nie./'n situasie onbenut mag laat gaan nie. / Sy wag vir haar blomtyd –'n spesiale tyd.√ | 1 | 4.2.2 | 2 |
| 8.10.1 | Billy glo dat 'n naam net 'n naam is. √ | 1 | 4.2.2 | 1 |
| 8.10.2 | Hy wens dat haar ouers haar nooit Iris gedoop het nie. √/<br>Met 'n ander naam sou sy dalk nie so vol idees rondgeloop het nie. √ | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 8.10.3 | Hy glo dat Iris se toekoms nie aan haar naam verbind is nie. √<br>Hy glo ook dat 'n naam net 'n naam is. √<br>'n Naam moet volgens die Engel nie jou hele lewe/denke/besluite beïnvloed nie.√<br>(EnigeTWEE) | 2 | 4.2.2 | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8.11 | Ander bestuurder: passasiers mag nie in die taxi rook nie. √<br>Passasiers mag nie met die bestuurder praat nie. √ | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 8.12 | Sy kon ’n fotografiese model in Frankryk word, maar sy wou nie in Frankryk deur ’n fotograaf afgeneem word nie. √<br>Sy word in Amerika ’n modelkontrak aangebied, maar sy aanvaar dit nie. √ | 2 | 2.2.7 | 3 |
| 8.13 | Die verhaal word uit haar perspektief aangebied. √<br>Die verhaal handel oor haar verskillende stories. √<br>Sy is betrokke by die gebeure. √<br>Dit maak die verhaal meer geloofwaardig.√<br>( Enige TWEE) | 2 | 4.2.1 | 3 |
| 8.14 | New York/Amerika/parkie √<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.3 | 1 |
| 8.15 | Dialoog. √ | 1 | 4.2.1 | 3 |
| | | **[25]** | | |

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG LU2 AS 4.2.1**

**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS (PIETER PIETERSE)**

Ouma Essie en Grace demonstreer praktiese geloof en tree telkens as versoeners tussen groepe op en bewerkstellig so wedersydse begrip. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400-450 woorde. Dink in jou antwoord aan:

- Ouma Essie se geloofsagtergrond
- Ouma Essie se geloofsuitlewing as tussenganger tussen Baas, die sendelinge en die khuta
- Grace se geloofsagtergrond en oortuigings
- Grace se geloofsuitlewing as versoener tussen kulture

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die aangehegte Nasionale RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA

Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Kopiereg voorbehou

**INLEIDING**: Die kandidaat voorsien die opstel van ŉ gepaste inleiding.

**Ouma Essie se geloofsagtergrond**

- Ouma Essie het op ŉ sendingstasie in die Vrystaat grootgeword.
- Die sendeling Phil Kruger en sy vrou, Bessie, het haar aangeneem en saam met hulle kinders grootgemaak. Hulle het haar Ester Kruger genoem.
- Sy was die eerste swart meisie wat by die Bybelkollege op Witsieshoek ingeskryf was.
- Sy het Joseph Sitali Mulambwa daar ontmoet.
- Sy en Joseph is in 1941 in die wit kerk op Bloemfontein getroud.
- Die kerk het hulle Ngweze toe geneem waar Joseph in die Senangagebied sendingwerk gedoen het.
- Hulle werk ook saam vanuit die Manaka Evangelical Mission.
- Ouma Essie noem Manaka "Die plek waar die Here soveel geslagte terug al besluit het om Sy Naam te vestig."
- Die mense is lief vir ouma Essie en noem haar "Die Profeet van die Bybel".
- Na haar man se dood het die khuta haar van Manaka af na Mubuyu, die Plek van die Kremetarte, verskuif. Daar leef sy van ŉ pensioen van die kerk.

**Ouma Essie se geloofsuitlewing as tussenganger**

- Ouma Essie is die godsdienstige en morele leier van die mense op Manaka. Sy beraam planne, organiseer, delegeer en betig waar nodig.
- Sy tree telkens as tussenganger tussen Baas, die sendelinge en die khuta op ter wille van die kontinuïteit in die uitdra van God se Woord en werk. As enigeen skade lei, sou God se saak skade lei.
- Sy staan by haar Christelike beginsels en berispe die khuta wat nie meer met gebed open nie. Sy duld dit ook nie dat hulle Grace wil uitbuit nie.
- Sy gee om vir haar medemens. Sy huil as sy hoor dat Baas se boot weggespoel het. Sy gee vir Baas ŉ nuwe hondjie om Brindle se plek te vul. Sy verstaan Baas se twyfel in God, omdat sy self daarmee geworstel het en daarom is sy die een wat hom die beste antwoord op sy twyfel oor Christenskap kan gee.
- Sy sorg ook vir die sendelinge as sy die herstelwerk aan die sendingstasie orkestreer.
- So bring sy vrede en versoening.

**Grace se geloofsagtergrond**

- Grace word deur ouma Essie op die sendingstasie grootgemaak.
- Sy is diep gelowig en glo dat dinge gebeur volgens God se wil.
- Sy het ŉ sterk pligsbesef en ŉ fyn aanvoeling vir situasies.
- Sien Baas se herstel van malaria as die Here se wil.

**Grace se geloofsuitlewing as versoener tussen kulture**

- In ŉ poging om vrede te bewaar, vertel Grace vir die blankes hoe die khuta werk en hoe jy veronderstel is om teenoor die gesagsdraers op te tree.
- Sy lê ook haar hele stamboom aan hulle uit, sodat hulle familieverwantskappe sal kan herken en nie oneerbiediglik optree teenoor ŉ vername persoon nie.
- Sy interpreteer stamgebruike aan hulle en verduidelik vir hulle die Lozi-tradisies.

**[25]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

## MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS (PIETER PIETERSE)

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 10.1 | Sy is tydens 'n jagtog √ (saam met Baas) deur 'n groot vlakvarkbeer √ (se skerp ondertande geskep)./<br>Die vlakvark/beer het haar linkerkant oopgeskeur, maar nie die ingewande geraak nie. √<br>(Enige TWEE) | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.2 | Mark James het haar "long one" gedoop√ en die plaaslike vroue het dit na "Longwane" verander.√ | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 10.3.1 | Baas √ en Nanna.√ | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.3.2 | Baas het Longwane se wond met 'n stopnaald toegewerk √,<br>terwyl Nanna gehelp het deur Longwane se kop en heupe plat op die plank te hou.√ | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.4 | Sy gril/sy hou nie van lyding nie/sy is sensitief/ hou nie van bloed nie.√<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 10.5 | Ouma Essie word later baie ernstig siek en ons sien nou al simptome daarvan./Dit is funksioneel omdat dit die leser voorberei en die siekte geloofwaardig maak/ dit wek spanning: sy is 'n middelaar – wat sal gebeur as sy sterf?√<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 3 |
| 10.6.1 | Die kerk en huis by Manaka is geplunder/ daar was nie onderdak vir die sendelinge nie/ hulle het hulle toe tydelik by Baas tuisgemaak.√<br>(Enige EEN)√ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.6.2 | Die meubels is na die boonste deel van Manaka verskuif, √<br>want die herstelwerk aan die kerk en huis is voltooi.√ | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.7 | Sy is 'n versorger/ sy sien om na ander se fisiese welstand./ Sy is 'n daadmens/ prakties/ hou die lewe so normaal as moontlik in krisistye.√<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 3 |
| 10.8 | Hulle het 'n baie goeie verhouding./ Baas is Sitali se **rolmodel** en hy doen alles wat Baas doen.√<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 3 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10.9 | Die muloi/ toordokter/towenaar√ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.10 | Die Een wat Mal is./ Die Een wat met die vinger wys./ Die Een wat nooit slaap nie.√<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.11.1 | Mnr. Chisupo | 1 | 4.2.1 | 1` |
| 10.11.2 | As hy sy vinger vir jou wys, kan hy jou doodmaak./Hy kan jou ook gebreklik maak.√<br>(Enige EEN, of soortgelyke antwoord wat dui op skadeberokkening) | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.11.3 | Die krag van God.√ | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 10.12.1 | Alomteenwoordige verteller.√ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.12.2 | Hy is op alle plekke/ in alle tye teenwoordig/ kan al die karakters se emosies en gedagtes beskryf.√<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.13 | Ouma Essie kook oor ŉ vuur.√ Nanna moet in die rivier by die badplek gaan was./ Lei Ouma Essie terug **kamp** toe (r.5)√<br>(Enige TWEE) | 2 | 4.2.3 | 2 |
| 10.14 | Alle mans word as **“**meneer” aangespreek, bv. Meneer Baas, meneer Johnnie, meneer Chisupo.√ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| | | **[25]** | | |

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG**

**VATMAAR (A.H.M. SCHOLTZ) LU 2 AS 4.2.1**

Die rolle van manlike en vroulike karakters in *Vatmaar* is gebalanseerd. Skryf ŉ opstel van 400 – 450 woorde waarin jy hierdie stelling evalueer deur te verwys na die rol wat elk van die volgende karakters in die Vatmaar-nedersetting speel:

- Oom Chai
- Oupa Lewies
- Sus Bet
- Tant Wonnie **[25]**

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die aangehegte Nasionale RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA.

Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Kopiereg voorbehou

INLEIDING: Die kandidaat voorsien die opstel van ŉ gepaste inleiding.

**Oom Chai**

- Een van die stigters van Vatmaar-nedersetting
- Begin die dorp met vatmaar-goed; goed wat hulle uit die oorlog by Afrikanerhuise gebuit het
- ŉ Leier in die gemeenskap: "Om oor ander te wees, was iets wat altyd na hom toe aangekom het sonder dat hy daarvoor gesoek het."
- Verantwoordelik vir die begin van Sendingkerk: praat met dominee Pienaar van die NG Kerk
- In beheer van die inwyding van die kerk
- Word aangewys as ouderling van Vatmaar se Sendingkerk
- Doen eerste gebed op Vatmaar
- Tree op as hoofman/ nie-amptelike burgermeester van nedersetting
- Gee geld vir Ruth se trourok
- Bewaker/handhawer van die Afrikaanse taal: "... die taal van my ma en pa ..."
- Handhaaf dissipline in die kerk (bv. berispe Teacher Elsa omdat sy lipstiffie dra en met Engelsman in die kerk flikflooi)
- Hanteer begrafnisse (bv. Ouma Lewies)
- Onderhandel namens Vatmaar-inwoners met die dorpsraad van Du Toitspan
- Is bedag op taaldiskriminasie deur witmense: Afrikaans is bruinmense se huistaal, maar witmense se moedertaal
- Ontvang nuwe intrekkers in nedersetting
- Beveel Teacher Elsa aan as eerste onderwyseres van Vatmaar se skool

**Oupa Lewies**

- Medestigter van Vatmaar-nedersetting
- Help Oom Chai om erf vir die Sendingkerk te kry
- Lees die Engelse briewe van die dorpsraad vir Oom Chai voor
- Al behoort hy nie aan die kerk nie, dra hy by tot die geldinsameling om die kerkerf te koop
- Help om die kerk op te rig

**Sus Bet**

- Een van die voorste inwoners van Vatmaar; ŉ Griekwa-vrou
- Maak khadie, Basoetoe-bier
- Een van die grand old ladies van Vatmaar
- Versorg siekes met Griekwa-rate (bv. Kaaitjie)
- Maak roosterkoek vir kerkinwyding
- Barmhartig: gee vyf pond vir die bedelaar wat deur Stoffel Jones verjaag is
- Tree op as handhawer van Griekwa-kultuur (bv. begrawe Ta Vuurmaak soos ŉ Griekwa)

Kopiereg voorbehou

**Tant Wonnie**

- Een van die armste inwoners van die nedersetting
- Duits Baster wat vir bruinmense werk
- Wasvrou in ruil vir iets om te eet
- Verloor ses kinders in die Groot Griep
- Verkoop haar groot huis aan Mr Wingrove en trek in een kamer in
- Het haar put aan haar buurman verkoop
- Sê mense van Vatmaar moet werk vir hul kerk; kan dit nie verniet wil hê nie
- Sê hulle moet eie kerkerf van die dorpsraad koop en reël die geldinsameling daarvoor
- Wys die erf vir die bou van die kerk aan
- Een van die "grand old ladies" van Vatmaar
- Versorg Sannah Vosloo gratis
- Al was sy arm was sy bereid om die put se water en die bulletjie se vleis met almal te deel
- Gee medisyne (wilde knoffel in kasterolie) vir winterverkoues en borskwale: sê mense kan gee wat hulle wil
- Diep godsdienstig
- Inwoners beskinder haar
- Om skoon te lewe was vir haar die vernaamste
- Vreesloos in haar naasteliefde

**Evaluering (in hierdie trant):**

Ek stem saam met die stelling dat die rolle van manlike en vroulike karakters gebalanseerd aangebied word.

Alhoewel slegs mans aanvanklik betrokke was by die stigting van die nedersetting, speel die vroulike karakters belangrike rolle as draers van kultuur en medemenslikheid.

Tesame met die mans gee die vroue aan die nedersetting karakter en maak hulle Vatmaar wat hy uiteindelik word: ŉ toevlug vir die verstotenes, ŉ plek vir die "allesoorte".

Die kandidaat kan egter ook redeneer dat hy/ sy nie saamstem met die stelling nie en gepaste (teksgebaseerde) redes verskaf. **[25]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

## VATMAAR (A.H.M. SCHOLTZ)

| Vraag | Antwoord | Punt | LU 2 en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 12.1 | Die gebeure vind plaas tydens Sus Bet en Oom Flip se aankoms op Vatmaar.✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.2 | Hy praat Kaapse Afrikaans.✓<br>Die leser kan aflei dat hy van die Boland afkomstig is. ✓ | 2 | 4.1.1 | 2 |
| 12.3 | Hulle wou ŉ perd en trollie by hom koop. | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.4 | Sy neem beheer oor van die situasie./<br>Sy is nie spandabelrig nie./ Sy oorweeg dinge voor sy optree./ Sy werk versigtig met geld.✓<br>(Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 12.5 | Ja✓ Dit is gepas binne die historiese konteks van apartheid.✓/<br>Nee✓ Dit kan vandag aanstoot gee aangesien die terme uitgedien is. ✓ | 2 | 2.3.1 | 3 |
| 12.6 | Toe hy vir sy werkgewer die geld vra wat hom toekom (omdat hy met Sus Bet gaan trou), is hy ook soos ŉ hond weggejaag. ✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.7 | Hulle word as humeurig/ opvlieënd van geaardheid voorgestel. ✓ | 1 | 2.3.2 | 2 |
| 12.8 | Mev. Bosman het haar laat arresteer vir diensverlating/dros. ✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.9 | Alhoewel Kaaitjie swanger was, het sy byna al haar dae in die tronk op haar voete deurgebring✓/<br>Sy moes die prisoniers se klere in koue water was terwyl sy op ŉ sementvloer staan. ✓/<br>Haar hande was deurgewas en gebrand van die bytsoda. ✓<br>(Enige TWEE) | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 12.10 | Kaaitjie het na Kenny verlang en gehoop hy kom terug. ✓ | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 12.11 | ŉ Nuwe lewe gaan normaalweg met geluk✓ gepaard<br>en nie met hartseer/pyn nie.✓ | 2 | 4.2.3 | 3 |
| 12.12.1 | Sy is vergewensgesind.✓ | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 12.12.2 | Sy sê Sus Bet moenie haar fout ter harte neem nie. ✓ | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 12.13 | Sy het Griekwa-rate probeer. ✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.14 | Sy help tydens geboortes. | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.15 | Sy het die baba as haar eie grootgemaak / was vir hom ŉ ma. ✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.16.1 | Langs die pen-graf | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.16.2 | Sy en Oom Norman✓ is in die dood verenig/ by mekaar.✓ | 2 | 2.2.7 | 3 |
| 12.17.1 | Derdepersoonsverteller ✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 12.17.2 | Hy kan al die karakters se emosies en gedagtes beskryf. ✓ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| | | **[25]** | | |

## AFDELING C: DRAMA

## VRAAG 13: OPSTELVRAAG

**KRISMIS VAN MAP JACOBS (ADAM SMALL)**
Omdat die drama bedoel is om as ŉ opvoering beleef te word, speel die RUIMTE ŉ belangrike rol. Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400-450 woorde. Dink in jou antwoord aan:

- Die Kaapse Vlakte as breë agtergrond
- Die township as spesifieke ruimte
- Die tronk as letterlike en figuurlike ruimte
- Die belewing van die ruimte deur die karakters

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die aangehegte Nasionale RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA

Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

**INLEIDING**: Die kandidaat voorsien die opstel van ŉ gepaste inleiding, bv.

- Die ruimte van die drama is ŉ mikrokosmos wat die groter gemeenskap verteenwoordig.
- Die dramatiese ruimte is lewensgetrou in die visuele binneruimte, maar ook in die gesuggereerde buiteruimte.

**Die Kaapse Vlakte as breë agtergrond**

- Uitgestrekte sanderige gebied ver van die Kaapse middestad
- Geen infrastruktuur of behoorlike fasiliteite nie
- Mense beland op die Vlakte deur gedwonge verskuiwing
- Dit word beskryf as ŉ troostelose plek
- Die Suidoostewind waai daar op sy ergste
- Willy la Guma noem dit ŉ “wasteland”

**Die township as spesifieke agtergrond**

- Die woonbuurt word gekenmerk deur lewendige straattonele
- Daar word vertel van die “flats” en “council hyse” waarin die mense woon
- La Guma beskryf dit as “match-box op match-box”
- Hy sê dat mense wat hulle grys omgewing met helder kleure en vrolike motiewe verf, dit doen om uniek te wees. Dit is ŉ reaksie teen naamloosheid en identiteitloosheid
- Die mense probeer die uitsigloosheid van hulle bestaan te besweer
- Geen verbeteringe aanbring sonder die munisipaliteit se toestemming nie
- Die strate is sement-“strippies” en reiskoste werk toe en terug is duur
- Dit is ook ŉ gevaarlike omgewing waar moord en verkragting plaasvind
- Dit laat die mense ontnugter en verbitterd

Kopiereg voorbehou

**Die tronk**

- Letterlik: Ingehokte, beheerde bestaan in ʼn somber, neerdrukkende atmosfeer
- Geen kontak: isolasie
- Figuurlik: Die hele ruimte word as ʼn tronk geskets
- Hele gemeenskap is vasgekeer en het bykans geen vooruitsigte nie

**Belewing van die ruimte**

- Die ruimte word beskou as ʼn stortingsterrein van ontwortelde mense
- Mense is ankerloos en hoort nêrens tuis nie (Uitgeworpenes)
- Armoede, werkloosheid, hartseer, misdaad, roof, verkragting en moord is deel van die inwoners van die ruimte se daaglikse lewe
- Die toekoms is uitsigloos en hooploos. Jy word onder die broodlyn gebore en jy gaan onder die broodlyn dood
- Hunkering om uit te styg bo die onderdrukkende, vernederende omstandighede
- Byna onmoontlik om te ontsnap
- Willy la Guma sê dit is vir hom ongelooflik, byna ondenkbaar, dat mense nog in die Here glo. Hy suggereer dat dit sinneloos is om ʼn almagtige God te aanbid as Hy nie jou omstandighede verander, terwyl Hy in staat is om dit te doen nie.

**Slot:** Die kandidaat voorsien die opstel van ʼn gepaste slot. **[25]**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

## KRISMIS VAN MAP JACOBS (ADAM SMALL)

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 14.1 | Hy is verslae√ en geskok oor die gebeure (die verkragting en moorde) waarvan hy nou gehoor het.√ | 2 | 4.2.7 | 3 |
| 14.2 | Johnnie is sy gewone naam en dui op sy positiewe karaktereienskappe.√<br>Map is sy bendenaam en dui op die negatiewe sy van sy karakter. √ | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 14.3 | Hy het al die identifiserende tatoeeërmerke van die verskillende bendes op sy lyf laat aanbring.√<br>Dit is die kaart van sy lewe (sê wie hy is (identiteit) en waar hy hoort en wat hy gedoen het (sy "geography" en "history") en daarom noem hulle hom Map.√ | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 14.4 | Twee vroue (Antie Grootmeisie en Kleinmeisie Jacobs) is beroof en verkrag. √<br>Hierdie misdaad het skeef geloop en lei tot twee moorde, Antie Grootmeisie se stomheid en Map se aanhouding.√ | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 14.5 | Hy het nooit opdrag gegee dat die vroue verkrag moet word nie.√ (wel toestemming).<br>Hy pleeg die moord nie met voorbedagte rade nie, maar instinktief op die ingewing van die oomblik.√ | 2 | 4.2.1 | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.6.1 | Hy word skuldig bevind aan moord/ Hy word tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis.√ (Enige EEN) | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 14.6.2 | Hiervan het hy 7 jaar uitgedien, voordat hy op parool vrygelaat is.√ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 14.7.1 | Hulle het ŉ goeie verhouding. √ | 1 | 4.2.9 | 3 |
| 14.7.2 | Hulle werk saam aan Cavernelis se ideaal om uit die township te ontsnap. / Cavernelis wil net die beste vir Blanchie hê en glo dat dit buite die township lê. / Blanchie respekteer haar pa en waardeer sy opofferings in belang van sy gesin. √ (Enige korrekte motivering wat dui op ŉ goeie verhouding.) | 1<br><br>1 | 4.2.9 | 3 |
| 14.8 | Hy wil haar teen die "elemente" van die township beskerm, maar daardeur lewer hy haar aan veel erger omstandighede uit. √√ (Beide dele vir twee punte) | 2 | 4.2.8 | 3 |
| 14.9.1 | Nee.√ | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 14.9.2 | Sy besoek Map skelm in die tronk√ | 1 | | |
| 14.10 | Ja. Hy wil as ouer, net die beste vir sy kind hê en hy glo dat hy in haar beste belang optree. √√ OF Nee.ŉ Ouer het nie die reg om vir sy kind ŉ vriend (huweliksmaat) te kies nie en moet ook nie so inmeng in sy kind se lewe nie. √√ (Enige antwoord met geldige motivering. Die motivering bepaal die punt.) | 2 | 2.3.1 | 4 |
| 14.11.1 | "mien" (meen) i.p.v. bedoel/"soes" i.p.v. soos/"Daddy" i.p.v. Pa√ | 1 | 4.1.1 | 3 |
| 14.11.2 | Blanchie se taalgebruik is hier tipies Kaaps en maak haar deel van die township/ gemeenskap√, Sy wil nie deel van die gemeenskap wees nie. | 1 | 4.1.1 | 2 |
| 14.11.3 | Sy wil saam met Cavernelis en Maud daaruit ontsnap.√ | 1 | 4.1.1 | 2 |
| 14.12.1 | Die ellips dui die onsekerheid en skok aan en vertraag die tempo om die intensiteit van die trauma te beklemtoon./Gebrek aan woorde/emosie te intens √ (Enige EEN) | 1 | 4.2.5 | 3 |
| 14.12.2 | Die herhaling (bv. reël 18 en 20) beklemtoon/ bevestig die spreker se oortuiging./Dit beklemtoon die verskillende opvattings/die opgesluite konflik in die inligting wat liewer verswyg moet bly./ Herhaal name om liefdevolle gevoel te beklemtoon/te troos/ hul positiewe verhouding te herbevestig√ (Enige EEN) | 1 | 4.2.5 | 3 |
| | | **[25]** | | |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 15: OPSTELVRAAG

## MIS (REZA DE WET)

Ontleed die ooreenkomste en verskille tussen Gertie en Meisie deur te verwys na:

- Hul uiterlike voorkoms
- Hul karaktereienskappe
- Hul reaksie op Miem
- Die invloed wat die konstabel op elkeen uitoefen
- Hoe die blommotief op elkeen van toepassing is
- Hul rolle t.o.v. die temas van beswering en bevryding

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die aangehegte Nasionale RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA

Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

**INLEIDING**: Die kandidaat voorsien die opstel van ʼn gepaste inleiding.

### Uiterlike voorkoms

**Gertie**

- Klein, vaal, middeljarig
- Met ʼn bolla
- Dra ou frokkie; hoed skeef oor die een oog; dra woljas

**Meisie**

- Mooi, jonk, lang hare; dra ʼn ou rok
- Lyk bleek omdat sy meestal binnenshuis is
- Hande vereelt a.g.v. harde werk
- Skouers geboë

### Karaktereienskappe

**Gertie**

- Kom erg konserwatief voor
- Onderdruk en seksueel-gefrustreerd
- Behep met fisieke gesondheid en vars lug
- Vorm deel van Calvinistiese skynheiligheid
- Promisku in haar suggestiewe fantasiespel met die konstabel

**Meisie**

- Onderdanig
- Stil, toegeeflik en half treurig
- Kom nie voor as iemand met ʼn sterk persoonlikheid wat vir haar regte sal veg nie
- Toon stille verset
- Innerlik in konflik met haar huislike omstandighede
- ʼn Dromer wat die sirkus bewonder en daarna smag

Kopiereg voorbehou

**Reaksie op Miem**

**Gertie**
- Doen alles om Miem tevrede te stel
- Gee voor dat sy die sirkus haat

**Meisie**
- Onderdanig
- Word deur Miem gemanipuleer

**Invloed wat die konstabel op elkeen uitoefen**

**Gertie**
- Konstabel bring haar seksuele frustrasie na die oppervlak
- Probeer die konstabel se aandag op haar vestig: tel sy stok op, gee koffie aan
- Probeer ander wegkry sodat sy alleen met die konstabel kan wees
- Jaloers op Meisie; wil nie hê Meisie moet alleen by die konstabel wees nie

**Meisie:**
- Sy ontdooi
- Sy hou daarvan dat hy haar "Juffrou" noem

**Hoe die blommotief op elkeen van toepassing is**

**Gertie**
- Verwelkte blom
- Verby haar hubare jare
- Konstabel sê sy ruik "suur"

**Meisie**
- Verteenwoordig die ontluikende blom en vrugbaarheid
- Sy is beeld van 'n blom wat uit die mis groei
- Sy plant rose onder haar kamervenster

**Hul rolle t.o.v. beswering en bevryding**

**Gertie**
- Gee voor dat sy ook, soos Miem, die sirkus as boos beskou
- Probeer bevryding kry deur die fantasiespel
- Slaag egter nie daarin nie: Miem kom binne
- Aan die einde is sy steeds 'n gefrustreerde, vaal oujongnooi

**Meisie**
- Staan vir beswering van die bose sowel as bevryding
- Enersyds moet sy rein bewaar bly teen die bose en andersyds word sy bevry van 'n beperkende bestaan.
- Sy ervaar bevryding in die wit aannemingsrok
- Sy verander in 'n vrye vrou en 'n toweragtige danseres
- Sy dans kaalvoet –'n teken dat sy haar los maak van die aardse
- Haar bevryding is volledig.

**SLOT**: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot. **[25]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

## MIS (REZA DE WET)

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|
| 16.1 | Hy het aangebied om haar te help om die slopemmer buite leeg te maak. √ | 1 | 4.2.7 | 1 |
| 16.2 | Sy voel gemaklik in sy geselskap./ Sy het ontdooi./ Sy is gemeensaam met hom. √ | 1 | 4.2.7 | 2 |
| 16.3 | Daar is nie 'n toilet in die huis nie, hulle gaan agter na die **kleinhuisie** toe.√<br>As dit koud is (r.17) kan hulle nie 'n verwarmer aanskakel nie, want hulle het nie krag nie en daarom sit hulle by die (kool)**stoof.**√<br>(Twee punte vir verwysing na die konteks en 1 punt vir die interpretasie/verduideliking)√ | 3 | 4.2.7 | 2 |
| 16.4 | Die agterdeur bied toegang tot die gesuggereerde buiteruimte✓ (wat vryheid voorstel.)<br>Meisie beweeg later die aand hierdeur om bevryding✓ (uit haar eng bestaan) te vind. | 2 | 4.2.9 | 3 |
| 16.5.1 | Sy beskou dit as boos. ✓ | 1 | 4.2.7 | 1 |
| 16.5.2 | Buiteruimte/ Toweragtige ruimte van die sirkus. ✓ | 1 | 4.2.9 | 3 |
| 16.5.3 | Buiteruimte/sirkusruimte: vrolik, eksoties✓<br>Binneruimte (kombuis van armoedige plaaswoning): bedruk/ neerdrukkend/ armoedig✓ | 2 | 4.2.9 | 2 |
| 16.6.1 | spatsels✓ en flappe✓ | 2 | 2.2.7 | 2 |
| 16.6.2 | Die blomme dui simbolies op die seksuele ontwaking van Meisie✓ en op haar maagdelike onskuld. ✓ | 2 | 2.2.7 | 3 |
| 16.7 | Sy wil hê Meisie moet met die konstabel trou. ✓ | 1 | 4.2.9 | 1 |
| 16.8 | Miem: dominerend/ baasspelerig/ afkerend en geslote teenoor die buitewêreld/ konserwatief/onderdruk enige plesier/aanvaar geslote bestaan✓<br>Gertie: verskonend, amper gedienstig; bang om van Miem te verskil/kyk wat buitewêreld het om te bied/praat reguit/ spreek emosies openlik uit ✓ | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 16.9.1 | Sy is jaloers /wil nie hê Meisie moet te lank alleen met die konstabel wees nie.✓ | 1 | 4.2.7 | 2 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16.9.2 | Ironie: Miem is bysiende✓en kan dus nie goed sien nie;<br>Sy sien ook nie die gevaar✓ wat die konstabel vir haar dogter inhou nie. | 2 | 2.2.7 | 2 |
| 16.10 | Die konstabel het aan al drie dames gesnuif ✓<br>om vas te stel of hulle oud, middeljarig of jonk is. ✓ | 2 | 4.2.7 | 1 |
| 16.11.1 | Pa**/** Gabriël✓ | 1 | 4.2.7 | 1 |
| 16.11.2 | Swaarkry in Depressie ✓ | 1 | 4.2.7 | 1 |
| | | **[25]** | | |

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou